generaal De Wet voorgelê vir reviesie voordat dit op die pers gelê is. 'n Resensent van *The Review of Reviews* het later aan generaal Hertzog gesê dat hy die boek van generaal De Wet moes resenseer, en ook dié van Kestell. Hy het opgemerk dat hy daar kennis van gedra het dat Kestell iets met De Wet se boek te doen gehad het en toe het hy geprobeer om Kestell in De Wet se boek te vind, maar hy kon dit nie.

Die boek van generaal De Wet is een van die groot oorlogsboeke, en sal ongetwyfeld vir die toekomstige geskiedskrywer 'n bron wees van die grootste waarde. Uit die lewe is die boek gebore. Die leser gevoel dat hy saamleef met die burgers in die laer as hulle stillê, en met hulle storm as hulle 'n koppie in besit wil neem. Die leser bring die lang nag met hul deur as hulle op die ou kommandodraffie trek, en dis met 'n sug van verligting dat hy met hulle sien dat hulle deur 'n groot kraal gebreek het. Lewendig beskryf generaal De Wet die lotgevalle van die Boeremagte, wat al kleiner en kleiner word, hoe langer die stryd aanhou. Generaal De Wet is seer noukeurig as hy met getalle en datums te doen het, en sy boek het groot waarde waar hy die terrein beskryf van 'n geveg, of die landstreek waar hy deurgetrek het. Daar is ook veel wat interessant is in die oordeel wat hy uitspreek oor die oorlogsmetodes van die Engelse—waar hy, by voorbeeld, dit verklaar dat hulle van verken maar weinig begrip gehad het, en dat hulle oordrewe waarde geheg het aan die doeltreffendheid van die blokhuislyne. Van die blokhuislyne spreek hy met veragting. Dan is sy styl, soos dit van 'n krygsman kan verwag word, kort en pittig. Wat ook tref, is dat daar so 'n goeie gees alles in sy boek deurasem. Op vele bladsye tintel daar spronkies van humor. Sy aangebore hoflikheid

kom oral voor die dag. Die klop van sy groot hart, vol van liefde, kan gehoor word as hy die taak moet vervul wat vir hom so swaar is om te boek te stel, dat 'n offisier of 'n burger aan hom ontval is, of as hy, met gloeiende verontwaardiging, moet verhaal van die grote lye van die vroue en kinders in ons oorlog. En onder alles lê daar, diep en breed, die sterke fondament van sy vaste geloof in God, en sy kinderlike berusting in Sy wil. Ja, dis 'n groot boek wat generaal De Wet geskryf het.

Die generaals het op Southampton geland. 'n Paar vriende was daar om hulle te verwelkom—onder ander mej. Emily Hobhouse. Ook lord Kitchener. Maar wat hierdie Generaal ten doel gehad het, het op mislukking uitgeloop. Daar was 'n monstering van die Engelse vloot in die watere ten suide van Southampton, en Kitchener wou dat die generaals dit sou gaan besien. Dat hy so onmenskundig kon wees! Hoe kon hy generaals wat nog leef in die tragedie wat afgespeel is in die nag van 31 Mei 1902, uitnooi om die mag en die glorie van hul oorwinnaar te gaan aangaap en bewonder!

Beslis het die generaals die uitnodiging van die hand gewys. Lord Kitchener het daarop gesê: „I think you are making a mistake." Dit kon alleen 'n Engelse bevelhebber dink wat bedwelmd was in die roes van die oorwinning wat hy behaal het. Die grote wêreld het van die fiere antwoord van die generaals 'n ander gedagte gehad.

Met die trein is dit nou voort na Londen.

Generaal De Wet sê dat hy met so 'n vlugtige deurreis met die trein geen oordeel kon vorm van die land, die veld en die boerdery nie, maar wat vir hom getref het, was die vele „landjies aan mekaar,"


en dat tien of twaalf plase nog nie so groot was as 'n klein ou plasie in die Vrystaat of die Transvaal nie. Die groenigheid van die veld het ook sy aandag getrek.

Dis merkwaardig dat hy nooit van koers geraak het met die sonop- en -ondergang nie. Met so vele—met byna almal—gebeur dit met die seereis en die draaie van die spoorweg dat hulle van die wys raak, en op 'n môre, as hul opstaan, die son sien waar hulle dit nie verwag het nie. Maar generaal De Wet het altyd „die winde " goed geken, en altyd geweet waar noord lê Alleen was vir hom vreemd dat die son in die noordelike halfrond aan die suidekant verbygaan, en nie soos in Suid-Afrika aan die noorde nie

Toe die trein in die voorstede van Londen kom, het dit hom getref dat hy so langs myle en myle van huise verby moes snel voordat hy in die hart van die wêreldstad gekom het.

Na Horrex se hotel is die generaals gebring, en die eerste geleentheid wat hulle kon kry, het hulle gebruik van gemaak om aan die Engelse Regering te vra om ruimer voorsiening te maak in die nood in Suid-Afrika as die £3,000,000, wat in die Vredestraktaat toegesê is. Maar die Regering het uitdruklik verklaar dat hy niks meer sou doen nie as wat hy beloof het aan die Volksverteenwoordigers op Vereniging. Die generaals het toe gevoel dat hulle met alle vrymoedigheid in ander lande hulp sou gaan soek; en na 'n dag of vyf is hulle na Holland.

Vroeg in die môre het hulle op Rotterdam geland. Toe generaal De Wet die kleredrag van die vroue sien, met die klein tjalie vasgesteek voor die bors, het dit hom laat dink aan die drag van die Voor-



Ere-Sabel aan De Wet geskenk op sy besoek aan Duitsland 1902, met opskrif: ,,Den Dapperen Boeren-Generaal, Christiaan de Wet: tot aandenken van Den Waterkant, Hamburg, Altona en Omstreken.''

trekkersvroue, en hy kon dit verstaan, het hy gesê, dat sy voorgeslag van Holland afkomstig was.

Dadelik is die geselskap na 's Gravenhage, en De Wet kyk nou met 'n simpatieker oog na buite op die plase en tuine. Hoe dig tog woon die mense op mekaar Dis of 'n mens nie goed asem kan haal nie! En dan ook, waar daar maar 'n ope stuk veld is, daar is dit swart-bont van die Friesbeeste. Die dyke met die windmeulens is vir hom dinge wat sy aandag trek, en hy is besonder daarin geinteresseerd om te verneem dat dié windmeulens daar is nie om graan tot meel te maak nie, maar om water uit te maal, sodat Holland nie mag verdrink nie.

Hy het later beter kans gehad met Holland kennis te maak. Dit was vir hom eienaardig dat slote in Nederland die plaas van doringdraad inneem, ook dat hy nooit 'n mansmens 'n koei gesien melk het nie Nee, daar gaan 'n meisie met 'n karretjie, wat 'n hond trek, en sonder riem of spantou word die koei gemelk. Die mans doen ander werk—dit merk hy gou-gou op, en ook dat die Hollanders nie 'n lui nasie is nie Baie dinge tref vir hom. Dat die gras so goed is, en in die kort somer so welig groei; dat daar driemaal in die jaar hooi vir die winter kan gemaak word, dat 'n paar morge grond genoeg is vir 'n boer—ja, so, dat Holland Engeland van slagvee kan voorsien, dat daar op die klein plasies tonne en tonne van botter en kaas kan gemaak word—dit was almal dinge waarby hy vir hom met belangstelling bepaal het ,,Maar ek moet dit eerlik beken,'' het hy gesê, ,,dat ek nie kans gesien het om in Holland te boer nie ''

In Den Haag het die Generaals hul intrek geneem in die bekende hotel De Oude Doelen; en nou het hulle dit ondervind dat daar geen end was aan die innige belangstelling en vriendelikheid van die

de Bloemfontein et tourner vers le Sud, pour y rappeler sous les armes tous les Burghers qui étaient rentrés dans leurs foyers.

III. Le troisième corps était commandé par le général Crowther et se composait de Burghers de Ficksburg, sous le commandant P. de Villiers ; de Ladybrand, sous le commandant Ferreira ; de Winburg, sous le commandant Sarel Hasebroeck ; de Senekal, sous le commandant van der Merwe.

Le général Crowther reçut l'ordre de partir vers le nord de Bethlehem et de continuer jusqu'à ce qu'il eût rencontré le commandant en chef adjoint Hattingh, qui avait à sa disposition les commandos de Harrismith et Vrede. Il devait alors se mettre sous les ordres de ce dernier, pour opérer dans les régions du Nord-Est.

Il restait ainsi, en dehors de ces trois corps, ceux des Burghers de Bethlehem qui étaient venus des régions supérieures des Montagnes-Rouges; ils devaient rester sous les ordres de M. Marthinus Prinsloo pour garder les défilés, et se diviser en trois détachements, dont le premier défendrait le Slabbertsnek, le second Retiefsnek et le troisième Nauwpoort. Ils devaient, en outre, se défaire de leurs chariots, de façon à pouvoir se retirer rapidement à travers les montagnes si l'ennemi avançait en forces nombreuses. Je les avais placés là, parce que, comme habitants de ces régions, ils connaissaient fort bien le terrain. Le but de cette garde avancée était de protéger les nombreux troupeaux de bétail que j'avais abrités der-

rière la chaîne. Il me semblait, en effet, que la chose était facile puisque, tous les commandos ayant quitté les montagnes, les Anglais n'avaient plus de raison de surveiller les défilés.

Ainsi fut décidé notre nouveau plan de campagne, et je partis le 15 juillet par le défilé de Slabbertsnek, espérant que les généraux, d'après mes ordres et la décision du gouvernement, respecteraient des mesures prises dans l'intérêt supérieur de la patrie. Hélas! il n'en fut rien, et voici ce qui se passa :

Immédiatement après mon départ, quelques officiers, mécontents de se trouver sous les ordres du général Roux comme commandant en chef adjoint, demandèrent une réunion d'officiers pour choisir un nouveau commandant en chef. Cette initiative était absolument contraire à la décision du Volksraad qui avait accordé à notre Président seul le pouvoir de modifier les décrets militaires. Et, ce qui fut plus grave, c'est que le commandant en chef adjoint Roux ne sut pas résister et accepta ce principe d'une nouvelle élection. La réunion eut lieu le 27 juillet, et M. Marthinus Prinsloo fut élu, à quelques voix de majorité, commandant en chef adjoint; élection toute provisoire d'ailleurs, puisque bien des officiers, absents, n'avaient pu voter.

On pouvait penser que le nouveau commandant en chef, élu en dépit des lois et pour peu de temps, profiterait du moins de son éphémère dignité pour être habile et brave.

Wij wijzen op de verschrikkelike gevolgen van de oorlog, om onze grote behoefte ter kennis van de wereld te brengen en geenszins om de gemoederen op nieuw gaande te maken. Het zwaard rust nu in de schede, en alle geschillen zwijgen in tegenwoordigheid van zo grote ellende.

De schade door de oorlog berokkend is onbeschrijfelik groot, zodat het kleine bedrag dat Engeland, volgens de termen van overgave, zal schenken, zelfs, indien tienmaal vermenigvuldigd, geheelenal ontoereikend zal zijn om maar de oorlogsverliezen te dekken.

De weduwen en wezen, de verminkten en nooddruftigen, onze kinderen, voor wie alleen wij dit beroep doen, zullen dus daaruit weinig en in de meeste gevallen niets trekken.

Alle bijdragen zullen gestort worden in een Fonds, genoemd „Het Generale Boeren-Hulp-Fonds," en dit Fonds zal uitsluitend besteed worden om in de behoeften van personen voor wie hetzelve verzameld wordt, nu en in de toekomst te voorzien.

Wij verzoeken vriendelik de hartelike samenwerking van de bestaande Komitees in de verschillende landen van Europa en Amerika, en staan nu op het punt die landen beurtelings 'n bezoek te brengen, ten einde de zaak behoorlik te organiseren.

Die eerste groot vergadering is op Amsterdam gehou, en die Generaals het ook ander stede in Nederland besoek; en ruim is daar deur ryk en arm tot die Fonds bygedra. Wat ook van belang was met betrekking tot landbou en veeteelt, is dat daar geleentheid ruimskoots aan die Generaals gegee was om, in verband met manne van dié vak, hierdie sake te bespreek. Hulle was ook orals rondgeneem om persoonlik kennis te maak met veefokkers, in betrekking veral tot die vraag wat die veeteelt betref, en hoever Suid-Afrika van Holland kon leer.

Generaal De Wet was hierdie tyd met sy boek nog besig. Elke oomblik wat hy kon afknyp, het hy daaraan gewy om die laaste bladsye te skryf. So het hy dan ekstra inspanning gehad, en daarvoor moes hy boet. Hy kon dit nie verstaan nie dat hy dit moes ondervind dat hy glad nie wel was nie. Hy wat, sonder iets te makeer, dwarsdeur die oorlog gegaan het, het hom nou so „tam" gevoel dat hy 'n dokter moes inroep.

Die geneesheer het hom gerusgestel. Daar was niks met hom verkeerd nie, maar hy was afgewerk, en het rus nodig gehad. Hy—rus nodig? Maar hy het in die laaste tyd niks gedaan nie! Aan boord het hy niks anders gedoen as vir hom met sy boek besig te hou nie, en . . . .

Daar lag die dokter 'n groot, gulle lag.

„Een boek geschreven! En of dat geen werk is!"

Sy boek was gelukkig nou, op die voorberig na, klaar, en nou kon hy die voorskrif van die geneesheer nakom, en 'n betreklik rustige lewe lei.

Van Holland is die Generaals na België, en het daar ook 'n hartlike ontvangs gehad.

Daar was Waterloo, waar die groot slag gelewer was in 1815. Wie kom ooit in Belgie wat nie Waterloo besoek nie? En die uitnodiging het nou ook nie uitgebly nie. Dit is wat De Wet in verband daarmee sê: „Die uitnodiging om die slagveld van Waterloo te besoek, het my gehinder. Na die plek te gaan waar Engeland roem oor sy groot oorwinning, het ek, waar ek dink aan sy seepraal deur sy oormag oor ons, nie alleen geen lus gehad nie, maar die gedagte alleen daaraan het teen my siel aangedruis: ek het geweier om daarheen te gaan."

Die twede aand was daar 'n geselligheid in Brussel. Botha en De la Rey was die eerste om te spreek. Toe het De Wet aan die beurt gekom. Hy het dadelik sy gehoor vir hom gewin toe hy op sy eie luimige manier vertel van wat daar oor hom meermale deur die Engelse smalend vertel is, dat hy naamlik niks anders gedaan het as om te vlug. „Nou ja, ek het dan maar altyd gevlug. En ek het my ook vas gevlug! En om dan nie gevat te word nie, het ek die Engelse gevat."—En ewe droog voeg hy daarby toe hy later hiervan gespreek het: „Ek was ook in staat om aan die Belge 'n hele reeks van gevalle op te noem waarin dit gebeur het."

Van Belgie is dit na Frankryk. Daar was ook dieselfde hartlike ontvangs; en ruim is in die Fonds gestort. Generaal De Wet het die vreugde in Parys gesmaak om te sien dat poginge wat hy aangewend het in belang van 'n jong offisier wat as *attaché* langer in Suid-Afrika gebly het as die tyd van verlof wat hy daarvoor gehad het, waardeur hy in onguns gekom het, nie tevergeefs gewees het nie. Die offisier het hom ook op die stasie ontmoet en hom hartlik bedank.

In Duitsland was die ontvangs van die Generaals uitbundig geesdriftig. Duisende mense was op die stasie op Berlyn toe hulle daar gearriveer het, en hulle is toegejuig langs die strate tot aan hulle hotel. Aan pastor Schowalter het hulle nou veel te danke gehad. Hy het veel gedoen om die sake te organiseer.

So spoedig moontlik ná hul aankoms het die Komitee van Ontvangs 'n onderhoud met die Generaals gehad; en die eerste wat aan hulle meegedeel was, was dat dit die volgende dag Bismarck se gedenkdag sou wees, en die Komitee het nou aan die hand gegee dat die Generaals 'n krans sou gaan lê op die graf van Bismarck. Dan sou die hart van die Duitse volk vir hul saak gewin word. De Wet het dadelik beswaar gemaak. Hy het aan die Komitee herinner dat die land van die Boere uitgeput was; perde en skape en beeste was uitgeroei, en so was die Afrikanerbevolking afhanklik van die Engelse. Dit sou nou kan gebeur dat die Generaals, deur 'n huldebetoging aan die nagedagtenis van Bismarck, aanstoot sou gee aan die Engelse Regering, en daardeur sou die hulpelose vroue en kinders in Suid-Afrika kan kom te ly. Die lede van die Komitee het die beswaar van generaal De Wet gebillik, en van hulle voorstel afgesien.

Toe het die Reëlingskommissie verder te werk gegaan. Daar is gereel dat daar nog dié aand 'n byeenkoms sou gehou word; en later is op verskillende plase kleinere kommissies aangestel om te kollekteer, met die gevolg dat die grootste bedrag wat in Europa ontvang was, deur die Duitsers byeengebring was.

In besonderhede sal daar nou hier nie getree word nie. Dit moet maar meegedeel word dat die Boeregeneraals oral by voortduring gevier en gehuldig is

,,En onder al die eerbewyse,'' het generaal De Wet later gesê, ,,druk daar altyd 'n lode gewig op my hart Ek dink maar gedurig aan my vrou met haar kinders, wat vir haar in 'n tent moet behelp, terwyl haar huis nog nie gebou is nie. Ek dink aan die duisende wat in Suid-Afrika gebrek ly, en wat nou—bitter gedagte!—daar deur bemiddeling van die volk wat vir hulle gereneveer het, moet gevoed word. Dit was vir my by tye asof ek van my verstand kon raak.''

Die werk van die Generaals was nou voltooi Na Amerika gaan, soos hulle eers wou, het hulle nie gedoen nie, en hulle het vir hulle maar nou net klaar gemaak om so gou as moontlik na Suid-Afrika terug te keer 'n Groot som is daar byeengebring: £103,819 12s. 10d Van hierdie som is meer as £70,000 bestee aan weduwees, wese en verminktes, terwyl die som van £40,000 uitgehou is vir Kristelik-Nasionale Onderwys

Van Berlyn het generaals Botha en De la Rey na Belgie gegaan, terwyl generaal De Wet regdeur na Holland is, met die doel om dadelik die reis huis-toe te aanvaar.

Dit was omtrent eenuur in die nag toe sy trein Hanover verbygaan. Daar het dit 'n kort wyle gehalt Nieteenstaande dat dit so diep in die nag was, was die platform vol van mense om hom te sien. Toe hy uit die venster kyk, was dit, soos hy sê, ,,één blok van die één end na die ander vasgedruk teen die trein.'' ,,Ek het aan my sekretaris gesê dat hy hardop moes roep dat as die skare van die trein nie los staan nie, ek geen woord sou spreek nie. Ek dag watter ongeluk daar sou kan gebeur as die trein in beweging sou gaan Meteens het die mense 'n stap teruggestaan, en toe het ek 'n goeie vyftien minute vir hulle toegespreek.''

Toe is die trein verder, en sonder enige ander voorval is hy op Den Haag aangekom Daar het hy die smartelike tyding ontvang van die dood van sy seun Johannes

Die seereis na die vaderland was vir hom 'n droewige. Daar was niemand aan boord met wie hy gemeensaam kon omgaan nie. Hy het ook geen werk nou gehad nie, soos toe hy op reis was na Europa, toe hy besig was met sy boek. Op die wye, blou golwe het hy maar heeldag sit te staar

Teen die end van Oktober was hy terug.

,,My vrou,'' so verhaal hy, ,,het ek nog in die tent gekry. Die messelaar het in die tyd dat ek weg was, die huis nie kon klaarkry nie Dit sou nou ook nog enige maande duur voordat hy die werk agter die rug sou hê: Ja, hier was daar nou niks van die huldiging wat in Europa ter ere van die Boere-nasie aan die Boere-generaals gebring was nie, maar vir 'n man wat op die veld dikwels nie eens 'n bossie in sware stortbuie oor sy hoof gehad het nie, was 'n tent so goed amper as 'n weelde. Nee! nooit 'n oomblik het ek aan myself gedink nie: oor my vrou was ek bekommerd. Sy tog het meer as genoeg van lye gehad, en ná al haar ontberinge het sy iets beters verdien as die woning waarin sy nou moes sukkel ''

## HOOFSTUK XXI.

---

### MINISTER VAN LANDBOU.

„Ek moes nou my plaas weer in orde bring," so het generaal De Wet verhaal. „Eén van die eerste dinge wat ek gedoen het, was om my draad en ysterpale te gaan eis by die Engelse. Maar nee, ek moes ondervind dat ek nie baas was van my eie goed nie die antwoord wat ek gekry het, was dat ek die draad en pale moes koop—my eiendom koop! Dan sou ek liewers na die winkels gaan! Later is my draad en pale op 'n hoop gegooi, en vir 'n geringe som so goed as weggegee. Maar ook nou wou ek nie, waar dit vir my tot voordeel sou gewees het, wat my eie goed was, koop nie

Met die in-orde-bring van my plaas was die boek wat ek geskryf het, my tot groot hulp. Anders weet ek nie hoe ek weer sou reggekom het nie. Behalwe my grond het ek so goed as alles verloor. Maar my boek—hy het in Hollands verskyn, en daar is vertalinge daarvan in Engels, Duits, Russies en Frans—my boek het my so goed as gered. Die kopyregte het ek in elke geval verkoop, en wat ek daarvoor gekry het, was 'n bedrag wat aansienlik genoeg was om my nou op die been te bring."

Op 16 Desember 1904 het die plegtige teraardebestelling van president Kruger op Pretoria plaasgevind. Dit was 'n begrafnis soos daar nog nie in Transvaal, ja, in Suid-Afrika, plaasgevind het nie. Weer het die Transvaal 'n oomblik gevoel asof hy vry was, want daar was niks wat nou kon laat sien dat die

volk onder 'n vreemde heerskappy onderwerp was nie Geen Engelse vlag was oor die lykkis uitgesprei nie Die volk sien die ou vierkleur daar. En die erewag bestaan uit burgers onder die bevel van generaal Christiaan Beyers

Slegs drie manne het die woord tot die duisende op die Kerkplein gevoer Schalk Burger, Louis Botha, en die ander—wie kon dit wees anders as Christiaan de Wet?

Dit is wat hy gesê het

,,Broeders en Vriende!—Iedereen gevoel dit, dat ons hede 'n plegtige oomblik beleef. Om hier die woord te voer oor 'n man as president Kruger—daarvoor gevoel ek dat ek te onbesnede van tong is om dit te doen soos dit behoort. Ek is dubbel dankbaar dat ek die eer het om 'n kort woord by hierdie plegtige geleentheid te kan spreek, en dan dankbaar, dat ek die betuiginge van hartlike deelneming van die volk van Trans-Oranje kan oorbring—'n volk wat nou nog dieselfde standpunt inneem as in die verlede—vandaar dat die volk in Trans-Oranje met u gevoel in wat daar hier vandag gebeur, in die bewyse van die laaste eer aan president Kruger

Ons is daar dankbaar en trots op dat so 'n grote soon van Afrika geleef het —Sal ek ingaan op die dade deur hierdie onskatbare man verrig? Nee, want dan sou ek te kort skiet om aan sy grote dade reg te doen . .

'n Man kan doen wat president Kruger gedoen het, alleen as hy getrou bly tot sy dood toe So 'n man was president Kruger, en sy dade spreek nog—sy dade leef, ja, sal eers nou leef vir ons as ons reg wil waardeer wat God ons in hom gegee het—hom skat op sy regte waarde

Die Afrikaanse volk moet die verlede nie vergeet nie. Iemand kan geen troue onderdaan wees as hy die verlede nie voor oe hou nie. Wee hom wat die verlede nie voor oë hou nie! Die Afrikaanse volk word opgebou op sy geskiedenis. Wee hom wat hierdie opbou van die Afrikaanse nasie wil verstoor! Ek sê: Wee hom! en dit sê God ook!

Geliefde broeders, ek hoop dat ons mekaar goed verstaan, want misvatting is oorsaak geword van al ons ellende. . . . "

Nieteenstaande die erns van die oomblik kon die menigte hom nie weerhou om hier luide betuiginge van instemming te gee nie

,,Trap in die voetstappe van die man wat ons vandag gaan begraaf. . . . . Ons moet op God vertrou Hy het die baan gebreek vir die Afrikaanse volk, en daar die baan van ons volk gebreek is, is dit ons dure plig om die volk verder op te bou, en mense wat hulle lot in dié van die Afrikaanse volk ingewerp het, moet daarin meewerk. . . . .

Ek het net 'n paar woorde wou sê, net wat ek op my hart gevoel, om my volk in herinnering van sy verlede te bring.

Daar is alle rede om hoog dankbaar te wees dat daar so 'n man onder ons geleef het. Dink aan Paul Kruger. Hy het 'n volk gemaak—'n volk waarvan die geskiedenis nog maar pas begonne is . . . . Ons plig is nou in die stryd wat in die toekoms lê."

Ná De Wet, het Lous Botha gespreek, en die merkwaardige brief van president Kruger gelees, waarin sy beroemde woord in voorkom oor die verlede en die toekoms. Van dié brief het De Wet niks geweet nie, en dit is merkwaardig hoe sy gedagte in hierdie toe-

spraak op dieselfde terrein beweeg het as dié van Paul Kruger toe hy sy brief gedikteer het.

Na die oorlog was Christiaan de Wet dan weer op sy plaas Rooipoort. Van sy lewe en werksaamhede het hy later verhaal:

,,Ek het met kleinvee—skape—en beeste geboer Vóór die oorlog het ek 'n groot trop perde gehad. nou het ek nie één nie—net my troue wit perd, Fleur.

Fleur! hy was 'n perd uit duisend! Ek sal sy weerga nie weer sien nie Dwarsdeur die oorlog het hy met my gegaan. Hy het nooit gefeil nie. Hy het my onder die koeels in die posiesies gebring. Hy het my onder die koeels weer daaruit laat kom. Fleur! eenmaal alleen het hy gestruikel, en dit was na hy lank onder die saal was, en ook van al die trek maer. Ek het toe afgeklim en hom 'n hele ent gelei. Vyf jaar ná die oorlog het ek hom nog gehad—en hy was nog perd toe hy aan die droes beswyk het—my troue Fleur

En nou moes ek leef onder 'n Kroonkolonie-Bestuur Ek het my met die politiek niks ingelaat nie. Ek het my maar stil met my private aangeleenthede besig gehou Maar daar kom ten laaste die Verantwoordelik Bestuur wat deur die Engelse in die Vredesverdrag beloof was Toe het ek vir my laat kies as lid van die Volksraad vir die afdeling Vredefort, en in die Regering het ek die portefeulje van Minister van Landbou aangeneem.

Ek moes nou na Bloemfontein. My seuns het ek gelaat op Rooipoort om te boer, terwyl ek die plaas Leeuberg, naby Kaalspruit-spoorwegstasie, gehuur het Die huis wat die oorlede Jan Kolbe in sy lewe in gewoon het, het ek nou betrek. Jan Kolbe was in vyf-en-sestig kommandant gedurende die Basoetoeoorlog, en my vader was veldkornet onder hom.

Elke dag het ek na my kantoor met die trein gegaan. Dit was vir my 'n gebonde lewe, waaraan ek maar nie goed gewoond kon word nie. Maar ek het tog ook 'n bietjie ondervinding van so 'n bestaan gehad toe ek my enige maande met my boek opgesluit het. Anders was ek as Minister nie ongelukkig nie Ek het 'n goeie personeel onder my gehad, en die werk het goed van stapel geloop''

Generaal De Wet het as Minister van Landbou 'n wetsontwerp ingedien om die uitvoer te verbied van Angora-ramme en -ooie—ook van volstruise Om 'n gesonde konkurensie aan te moedig, het hy ook 'n konsepwet voorgestel tot die oprig van besture van landbougenootskappe. Nog 'n wetsontwerp het hy voor die Volksraad gebring om voorsiening te maak in die uitroei van sprinkane—maar dit is later teruggetrek

Ten gunste van 'n spoorweg Bloemfontein-Ladybrand na Rouxville het hy gespreek. En seker was dit hom 'n groot vreugde dat hy dit kon doen om die voorstel in te dien dat daar pensioene sou gegee word aan president Steyn en president Reitz.

Toe die Eerste Minister op 22 Junie 1908 voorgestel het dat die Volksraad sy instemming sou gee met die Nouere Vereniging en die Raad die voorstel aangeneem het, was hy gekies as een van die afgevaardigdes na die Nasionale Suid-Afrikaanse Konvensie

So was hy dan 'n lid van die konvensie wat die konstitusie van die Unie van Suid-Afrika opgestrek het , Altyd het hy gevoel dat dit tot heil van Suid-Afrika sou wees as daar eenheid tot stand sou kan kom. Dit was, soos dit bowe te boek gestel is, die geval toe hy as Volksraadslid van die Vrystaat ten gunste van eenheid gespreek het, maar, dit het hy ook verklaar, die hoop het in hom steeds geleef dat dit sou kan wees

,,onder 'n vrye vlag.'' Terwyl dit egter nie kon wees nie, was nou die beste wat kon verkry word, die konstitusie wat daar opgestel is deur die Konvensie, hoewel—dit het hy bygevoeg—hy daar nie veel van verwag het nie.

Die lede van die Konvensie is een dag uitgenooi na die Pêrel, en hulle is ook gebring op die Pêrelberg. Daar staat die ou kanon[1]) op die berg; en dit moes nou ter ere van die Unie afgevuur word Aan generaal De Wet is dit opgedra om die skot af te trek Hy sou dan 'n toespraak moet hou, en dit was sy rede.

,,Waar is die man wat teen die Unie is? Laat hom hier voor die kanon kom staan, sodat ek hom kan wegblaas ''


Sir Henry de Villiers was hiermee baie ingenome. Hy het gesê dat dit kort was, maar die beste toespraak wat kon gemaak gewees het.

Ná die Unie tot stand gekom het, het generaal De Wet vir hom weer aan die boerdery gewy. Hy het verhuis na die distrik Vrede, en op die plaas Allanvale, naby die pasgestigte dorp Memel, gaan woon

Maar tog het hy hom nie heeltemal onttrek aan die publieke lewe nie. Hy het in 1912 die benoeming deur die Regering hom laat welgeval om as lid van die Verdedigingsraad werksaam te wees, en ook andersins het hy in die landsake belanggestel Maar hy is nie lank lid van die Verdedigingsraad gewees nie. Hy het vir dié betrekking bedank toe hy dit besef dat hy dit nie met die Regering eens was wat betref die verhouding van Suid-Afrika tot die Britse Ryk nie. Hy het met hart en siel met generaal Hertzog saamgegaan, wat nooit 'n geleentheid verby laat gaan het om nadruk daarop te lê dat vir die Afrikaner die belange van Suid-Afrika die swaarste moet weeg. Hertzog het meer en

1) Dit is een van die ou seinkanonne van die Oos-Indiese Maatskappy

meer hierdie leer op die voorgrond gebring, totdat hy, teen die einde van 1912, die toespraak op De Wildt gehou het wat gelei het tot sy uitsetting uit die Ministerie. Soos dit te begryp is, was generaal De Wet dit met Hertzog wat hierdie beskouing betref, heeltemal eens, en hy was so verontwaardig oor die behandeling van Hertzog deur die Ministerie, dat hy gevoel het dat hy geen betrekking onder die Regering kon aanhou beklee nie Hy het toe dadelik sy bedanking as lid van die Verdedingsraad ingedien.




GENERAAL DE WET
SPREKENDE BY DIE ONTHULLING VAN DIE VROUE-MONUMENT.

## HOOFSTUK XXII.

### BY DIE VROUE-MONUMENT.

Die groot idee van president Steyn om die nagedagtenis van die vroue en kinders wat in die Konsentrasiekampe omgekom het, in eer te hou, het tot verwesenliking gekom toe die Monument op Bloemfontein onthul is op 16 Desember 1913.

Dit was 'n dag om nooit te vergeet nie So 'n gesig is daar tevore in Suid-Afrika nie gesien nie as die twintigduisend mense wat op dié dag rondom die Monument vergader was. Die geesdrif van ons volk in die groot oomblikke van sy nasionale lewe is oorweldigend. En dit is so geweldig, omdat dit nie somaar so gebeur dat hy in gloed geraak nie. Stil woon ons mense in die eensaamheid van hulle plase, en groot betoginge is wat aan hul aard vreemd is. Maar as snare aangeroer word wat in die diepte van die volkswese tril, dan gee ons volk daarvan blyke op eerbiedwekkende wyse

Dit was ook nou so hier. Nie alleen die Vrystaat nie, maar al die ander Provinsies het die klop van die groot Afrikaner-hart gevoel, en duisende het toegestroom om deel te neem aan die plegtige gebeurtenis. Die koppies by die Monument het geleef van 'n mensemassa wat voor hulle sien hoe die grote gedagte van president Steyn 'n sigbare beeld gevind het in die slanke obelisk wat daar voor hulle in die lug rys

Aandoenlik was dit om die President daar te sien sit. Wie hom geken het in die oorlog, toe hy regop met vaste tred daar heen stap, of op sy perd sit en nagte agtereen met die kommando's deurtrek, het met bedrukte gemoed op hom nou gestaar, waar hy byna hulpeloos sit—liggaamlik swakker as 'n kind, soos generaal De Wet gesê het op Vereniging, maar met sy grote gees onoorwonne—die gees wat aan alles daar die toon gee en alles beheers.

Generaal Botha was teenwoordig en het die eerste rede gehou Die Konsul-Generaal van die Nederlande het 'n krans in naam van die Koningin van Holland aan die voet van die Monument neergelê Afgevaardigdes van die ander Provinsies het daar kom hulde doen asmede van al die Hollandse Kerke Onder diegene was die ou Kerkvader, dr. Andrew Murray, wat nieteenstaande die las van 85 jare wat hy dra, nog ten volle meeleef in die grote nasionale betoging. Generaal De Wet hou van agter 'n sambreel oor die ou Kerkvader. Dr. Murray vra wie die vriend is wat aan hom die diens bewys ,,Generaal De Wet,'' sê iemand. Dr. Murray draai hom in sy stoel om en dank die krijgsman vir die onderskeiding wat hy hom betoon.

,,Nee,'' is die antwoord van Christiaan de Wet, ,,'n mens kan betaal om dit te kan doen ''

So is dit as die een grote gees die ander ontmoet

Dit was onmoontlik, behalwe in die onmiddellike nabyheid van die sprekers, om te hoor wat daar gespreek is, maar toe generaal De Wet die woord neem, dring sy magtige stem tot na die mense, wat op die koppies sit Toe hy opstaan, was dit asof daar 'n gloedgolf oor die menigte gaan, en onweerstaanbaar is die toejuiging waarmee hulle hom begroet het Die President moes die gehoor daaraan herinner dat daar

op so'n oomblik geen luide gevoelsbetuiginge moes wees nie

Generaal De Wet het begin met 'n beeld uit die lewe:—

,,Toe die storm gister so woed, het die gedagte by my opgekom dat ons dierbare afgestorwenes sulke storme in die kampe deurgeworstel het Vandag is daar 'n buitengewone stilte, en dit bring nou 'n ander gedagte in my: dat ons heldinne nou, ná die storme, in heerlike stilte verkeer. Die volk van Suid-Afrika kan trots wees op sulke moeders en kinders Ek spreek hier nie so seer tot die manne nie, maar tot vroue en kinders. 'n Volk kan alleen opgebou word deur die vrou, en kan alleen 'n volk word wanneer die kinders opgebou word volgens die tradiesies van die voorgeslag Is die Afrikaanse volk nie voortgespruit ook uit die vrome Hugenote, wat met die Bybel in die hand hulle vaderland verlaat het, om gewetensvryheid in Suid-Afrika te soek nie? Die grondslag van hulle tradiesies het in die godsdiens gelê, en van wat ek gehoor het en weet, was dit 'n egte godsdiens en nie 'n nagemaakte nie. Die godsdiens was ook die leidraad van ons vroue en kinders. Dit het geblyk in die kampe, want ek het dikwels gehoor dat die psalme van die gelowiges daar weergalm het.''

Hy het toe voortgegaan met daarop te wys hoe plegtig dit was om daar te staan as by die graf van 26,000 vroue en kinders wat in die kampe die lewe ingeskiet het. Waar hy hom nou by kon bepaal, as hy daaraan dink, was die vraag, of ons volk op die regte weg in die laaste tien jare vooruitgegaan het? Hy het gevrees dat by alle ander vooruitgang, dit die geval nie gewees het nie Die egte godsdienssin ontbreek

daar—daarom het hy hom gedronge gevoel om die skare nou toe te roep: ,,Wees getrou aan u volk en aan die godsdiens van u volk.''

Veel is daar dié dag gespreek—veel wat hart aan hart nader toegehaal het. Die volk daar op die 16de Desember het gevoel dat hy één is. Toe die aandskaduwees al langer word, en die dag nou wou daal, val die klanke van die dankgebed op die stille lug, en die seen word uitgespreek Die twintigduisend manne, vroue en kinders het gevoel dat daar nog nooit so 'n Dingaansdag gewees het nie.

So het die jaar 1913 gesluit.

Niemand daar kon ooit gedink het wat daar lê in die skoot van die jaar wat nou sou gebore word nie, en die minste van almal het generaal De Wet kan droom watter lot vir hom wag.

## HOOFSTUK XXIII

### EUROPA AAN BRAND

Die skot van Gavrilo Princip knal skerp waar hy sy slagoffer tref, maar hy klink ook dadelik in elke land van Europa. Sy eggo word gehoor in die verre Ooste en Weste, en die lug tril ook daarvan op ons Suiderstrande.

Maar is daar 'n enkel mens in ons land wat dit droom dat dit spoedig in ons Suid-Afrika so sal span, dat daar broederbloed op die aarde sal vergiet word?

Oostenryk-Hongarye het in Julie 1914 van Serwie geëis nie alleen dat daar 'n ondersoek in verband met die moord sou ingestel word nie maar ook dat Oostenrykse regters op die Kommissie van Ondersoek sitting sou hê Die antwoord van Serwie was dat dit 'n skending sou wees van sy konstitusie om dit toe te laat 'n Ander antwoord kon niemand verwag het nie—maar dit het die lont in die kruit gewerp Lank duur dit ook nie of die groot nasies van Europa raak in die kwessie gewikkel. Oral word daar gemobiliseer Daar volg die een oorlogsverklaring op die ander, en die hele Europa is aan brand

Engeland gaan ook in die vuur in.

Die tyd van sy ultimatum aan Duitsland verstryk, en Suid-Afrika moet hoor wat die telegraafdrade aan die hele wêreld berig· ,,Om kwart voor twaalfuur in

die middernag van 4 Augustus is daar 'n staat van oorlog tussen Brittanje en Duitsland."

Engeland in oorlog gewikkel! Hoe sal dit Suid-Afrika affekteer?

Dit duur nie lank nie of dit word bekend dat Engeland Duits-Suidwes-Afrika wil bemagtig; en daar gaan 'n fluistering rond dat die Unie van Suid-Afrika dié besitting van Duitsland vir Engeland moet gaan verower.

Dadelik is daar teenstand van die kant van die meerderheid van die inwoners van Suid-Afrika. Dit is wat verwag kan word

Verstaanbaar is dit dat die Engelse inwoners van Suid-Afrika meeleef met wat daar gevoel word in die land wat hulle nog maar altyd hul ,,motherland" noem Daar kan in hul gemoed geen konflikte wees nie, al is daar ook geen wetlike verpligting dat 'n Dominium moet deelneem aan 'n oorlog waarin Engeland gewikkel is nie. Maar dit is anders met die Afrikaners—en dit veral met hulle wat as Republikeine maar 'n kort twaalf jare tevore met geweld onder die heerskappy van Engeland onderwerp was. Hoe kan dit van hulle verwag word om vir Engeland die wapen op te neem teen 'n nasie met wie hulle niks ter wêreld te doen het nie?

Die gemoedere kom al meer in 'n gespanne toestand, en die opgewondenheid word nog groter noudat dit bekend word dat die Regering die Verdedigingsmag opgeroep het om na die grens tussen die Kaapkolonie en Duits-Suidwes-Afrika op te ruk Wat kan dit beteken? As dit is om voorbereid te wees vir gebeurlikhede, dan kan natuurlik niemand daar iets op teen hê nie, maar 'n sterke vermoeding win al meer en meer veld dat die Regering iets meer as dit in die

sin het, en dat hy werklik 'n aanval op Duits-Suidwes-Afrika wil doen. Dit sweep die gemoedere nog meer op.

Die Parlement word deur die Regering opgeroep tot 'n spesiale sitting op die 11de September 1914; en, hoewel dit nie aangekondig is wat daar behandel sal word nie, weet almal dat dit te doen sal hê met die kwessie van 'n aanval op Duitse gebied. So duidelik is dit vir elkeen, dat die lede van die Parlement die vraag op reis na Kaapstad met mekaar bespreek, en dit is seker dat verreweg die meerderheid van die Hollandssprekendes, op hierdie reis, dit gevoel dat die Unie niks met 'n inval in Duits-Suidwes-Afrika moet te doen hê nie.

Toe die Volksraad vergader, het generaal Botha voorgestel dat daar operasies teen Duits-Suidwes-Afrika sou onderneem word. Hy het o.a gesê dat dit van strategiese belang was om dit te doen, en het verklaar dat as die Unie hierdie diens aan Engeland sou bewys Suid-Afrika dan as 'n deel van die Britse Ryk daardeur die weg van geloof, plig en eer sou volg.

Generaal Hertzog het die voorstel bestry. Hy het beweer dat die grote meerderheid van die volk teen 'n offensiewe optree teen Duitsland was. Suid-Afrika moes gereed wees om hom te verdedig; maar 'n aanval was nie iets wat op die weg van sy verpligtinge lê nie Verder het generaal Hertzog daar nadruk op gelê dat die Vrystaat heeltemal gekant was teen die plan van operasies in Duits-Suidwes-Afrika. In die Senaat het senator Wolmarans 'n voorstel ingedien teen wat generaal Botha voor die Parlement gebring het Ook het generaal De la Rey die Regeringsvoorstel geopponeer. Hy het verklaar dat hy gemoedsbesware daar-

teen het, en ook dit, dat wat daar ook deur die Unie sou gedoen word, dit maar as 'n druppel aan die emmer sou wees in die beslissing van die oorlog.

Maar in die Volksraad en in die Senaat is die voorstel van generaal Botha aangeneem, en daarmee was die Unie van Suid-Afrika nou ook in staat van oorlog met Duitsland.



Famieliegroep vóór die gebeurtenisse van 1914 geneem.

## HOOFSTUK XXIV.

---

### WAT GENERAAL DE WET GEDINK HET.

Op sy plaas, Allanvale, naby Memel, was generaal De Wet toe die Parlement besluit het om krygsoperasies teen Duits-Suidwes-Afrika te onderneem. Maar hy het hiervan nog geen berig nie, toe 'n ander hom bereik—'n tyding wat hom roer tot in die diepste van sy wese. Hy ontvang, naamlik, op Woensdag 16 September 'n telegram, wat aan hom meedeel dat generaal De la Rey die vorige dag doodgeskiet is! Generaal De Wet gaan dadelik na Ingogo-spoorweg-stasie en daarvandaan per trein na Pretoria Daar kry hy besonderhede van die doodskiet van generaal De la Rey en ook van die besluit van die Parlement

Meteens bruis daar in hom op 'n magtige gevoel van verontwaardiging oor wat hy nou noem, en in die toekoms gedurig sal noem, die ,,goddeloosheid'' van die voorneme van die Regering om op Duits-Suidwes-Afrika 'n aanval te doen. Van die begin, toe daar nog net die vrees bestaan het wat die Regering in Duitse gebied sou kan doen, het hy in sy gemoed geen rus gehad nie En noudat dit werklik so ver gekom is, dat daar tot krygsoperasies besluit is, kan hy vir hom van die oorweldigende gedagte nie losmaak nie dat dit godde-loos is om ,,'n roof te maak op die grondgebied van 'n volk wat aan ons geen kwaad gedoen het nie'' Hy het later verklaar dat hy geweldig gekom het onder die indruk van die Skrifwoorde: ,,Vervloek zij de man,

die zijns naasten landpalen verrukt!" En nou kan hy vir hom nie losmaak nie van die woord wat daar in sy oor klink: „vervloek!" Van nou af het die gedagte by toeneming vir hom ondraaglik geword dat Gods vloek op die volk sou kan rus. Hy het dit later ook meermale gesê dat hy nagte wakker gelê het as hy daaraan dink dat die Regering 'n vloek oor die volk sou kan bring deur die landpale te verruk van 'n nasie wat aan ons volk geen kwaad gedoen het nie.

Dan het daar in sy gedagte ook dit daarby gekom, dat dit nooit in die geskiedenis van die Afrikaanse volk gebeur het nie dat hy vir hom skuldig gemaak het aan wat hy nou noem „die roof van grond" Die Voortrekkers het aan die barbare dit nie gedoen nie Van die Kaffers het hulle grond geruil, of hulle het daarvoor dienste bewys, soos in die geval tussen Piet Retief en Dingaan. En moet die nakomelinge nou van dié voorouers vir Engeland grond met geweld gaan neem van 'n nasie wat hulle geen kwaad gedoen het nie, maar, inteendeel, 'n twaalftal jare gelede duisende ponde byeenversamel het tot hulp in die behoefte van sy vroue en kinders, sy armes en sy verminkte burgers?

Die roudiens het generaal De Wet bygewoon, wat deur ds H S. Bosman gelei is in die Neder. Herv. of Geref. Kerk op Pretoria, en toe is hy na Lydenburg. Hy is met ds. H. van Broekhuizen in die motorkar van generaal Beyers, waarin generaal De la Rey sy dood gevind het, daarheen gebring.

Dienste is daar in die kerke en op die markplein gehou, en toesprake is uitgespreek deur die Moderator, ds. Paul Nel, di. H. van Broekhuizen, J. F Naudé, J. G Perold en dr. J. D du Toit. Toe die stoflike oorskot van die Generaal op sy laaste rusplaas gebring is, het generaal Beyers eers gespreek, en op hom het generaal De Wet gevolg

Hy het, so het hy sy toespraak begin, vir homself afgevaardig om die Vrystaat te verteenwoordig; maar hy kon almal wat daar vergader was, verseker dat die woorde wat hy nou gaan uitspreek, as uit die mond van al die Vrystaters kom. ,,Toe ek in die oorlog van tyd tot tyd nuus van generaal De la Rey gekry het,'' so gaan hy voort, ,,het dit my altyd nuwe moed gegee, want ek wis dat hy 'n man was wat sy volk liefgehad het en wat dikwels getoon het dat hy bereid was om sy lewe op te offer Maar U hier teenwoordig, sy eie mense, weet dit nog beter as ek, omdat U met hom meegestry het. Hy leef, al is hy gestorwe, in die hart van U almal, maar nie in U hart alleen nie: ek gee U die versekering dat Koos de la Rey in die hart leef van elke Vrystater—so is ons één.

,,As ek aan hierdie eenheid dink, dan kom vir my voor die gees die oorlog van 1880-1881, waarin ek ook gehelp het. Ná dié oorlog het ek my weer gevestig in die Vrystaat en daarna, by sekere geleéntheid, het ek ons ou president Kruger 'n besoek gebring. Hy het my toe gevra· ,Waar woon jy nou?' Ek het geantwoord. ,In die Vaalrivier.' ,Skep leeg' het die President toe daarop gesê. Nou, ons het die Vaalrivier leeg geskep. Julle leed is ons leed, julle vreugde is ons vreugde Die Vaalrivier is leeg geskep, en dit is nie moontlik dat die stroom tussen ons sal kan skeiding maak nie—ja, daar is geen mag wat die bande van ons Unie sal kan breek nie''

Hy het toe verder 'n verhaal gegee van hoe generaal De la Rey saamgewerk het om die Unie van Suid-Afrika te stig, en toe sê hy: ,,Ons staan hier by sy graf. Wie voel nie wat 'n verlies dit vir Suid-Afrika is? Maar daar is niemand wat die verlies gevoel soos sy eggenoot nie Wat sal ons sê om haar te troos? Die

Almagtige God alleen kan dit doen. Maar as daar iets is wat ons kan doen—generaal De la Rey is dit waardig: één van die dapperste van die dapperes, één van die getrouste onder die getroues.''

Die volgende môre is daar 'n vergadering gehou Dit was die eerste van 'n reeks protesvergaderinge gewees, nie alleen in die Transvaal nie maar ook in die Vrystaat. Op hierdie Lydenburgse vergadering is dit vir die eerste maal dat daar woorde gegee is aan wat daar in die hart van die oorgrote meerderheid van die bevolking van die twee gewese Republieke geleef het.

Daar is as sprekers opgetree, behalwe generaal De Wet, generaals Beyers en Liebenburg, dr. J. D. du Toit, di. Van Broekhuizen en De Klerk.

Generaal De Wet het met hierdie woorde sy toespraak begin. ,,Ek dink aan ons ontslape broeder. Ons is gewoond om te sê ,burger' of ,broeder.' As daar nou hier teenwoordig is één wat nie 'n broeder is nie, laat hom uitgaan.''

Hy het toe 'n oomblik gewag. Ses persone het die vergadering verlaat. Hulle was skynbaar van 'n ander nasionaliteit. Toe gaan hy voort:

,,Ek sien geeneen van ons wat uitgaan nie, en ek neem nou aan dat almal hier ,broeders' is. As daar ook enige stiefbroeders is, dan is hulle ook welkom. Maar die verraaier herinner ek aan Judas. Die Duitsers is deur die Regering ons vyande gemaak. Die vuur is in die gras. Ons moet nou 'n besluit neem, maar laat ons besadig wees—kalm en bedaard Ons moet die wil van die volk uitspreek. Almal wat vir reg en geregtigheid gevoel, gaan met ons saam. En 'n gevoel vir geregtigheid is 'n eienskap van ons volk. Ek sê dit nie om my volk te roem of op te vysel nie. Ek

spreek in die gees van my volk as ek nou sê dat ons vir ons nie gaan besoedel nie.

Daar word gespreek van onderdanigheid. Nou ja, ons wil onderdanig wees, maar om dit te toon, gaan ons nie ons land besoedel nie. En as daar verkeerde stappe gedoen is, dit neem nie weg dat ons *nou* nie reg sou handel nie. Maar daar moet bedaard gespreek en konstitusioneel gehandel word. (Daar moet hier op De Wet se woorde gelet word. Sy hele doel was om konstitusioneel op te tree.) Wees bedaard en stil, want daar is veel in Suid-Afrika so wel as in ander lande wat met ons meegaan."

Nadat hy nog oor die een en ander uitgewei het, en daar ook deur ander sprekers die woord gevoer is, het die vergadering hierdie besluit aangeneem:—

,,Deze vergadering kennis genomen hebbende van het feit dat de Regering besloten heeft Duits-Zuid-West-Afrika aan te vallen en daartoe de bekrachtiging van het Parlement erlangd heeft, dat een deel van de Burgermachten reeds naar de grenzen gezonden en slaags geweest zijn—dit alles zonder 't volk van de Unie een kans te geven zich hierover te uiten—verklaart zijn diepe overtuiging dat de vermelde handelingen van de Regering in strijd zijn met

(1) de wil van de overgrote meerderheid van de Unie-bevolking;

(2) onze Verdedigingswet; en

(3) onze eervolle kristelike volkstradisies,

en smeekt de Regering eerbiediglik dadelik stappen te doen om alle offensieve krijgsoperaties te staken en de Unie-strijdmachten terug te roepen.

Zij verzoekt, eindelik, de Regering beleefdelik 'n antwoord vóór 30 September e k., ten einde op 'n volkvergadering overwogen te worden."

Daar is toe 'n komitee aangestel bestaande uit generaals de Wet, Kemp, Beyers, en Liebenberg, om die antwoord van die Regering te ontvang en verder handelend op te tree

Hierdie Komitee het ook kennis gegee dat daar 'n vergadering op Koppies sou gehou word op 23 September. Hoewel die kennisgewing maar kort was, was die opkoms (ná twee dae) bo alle verwagting groot So veel burgers het daar byeenkom, dat daar geen gebou in die dorpie was wat die skare kon bevat nie

Die poliesie was ook teenwoordig. Generaal De Wet het aan hulle gesê dat hulle naderby moes kom om op te skryf wat daar gespreek sou word. Hulle moes dan rapport van alles aan die Regering doen, en veral was dit sy ernstige versoek dat al sy woorde openbaar sou gemaak word.

Die magistraat van die distrik was ook teenwoordig, en hy het 'n telegram van die Regering voorgelees, waarin daar verklaar is dat die Regering van voornemens was om net vrywilligers vir die veldtog na Duits-Suidwes-Afrika te gebruik. Generaal De Wet, wat op 'n wa gestaan het om die burgers toe te spreek, het toe daarop gewys dat die telegram nie gerustellend was nie, omdat dit 'n feit was dat gedeeltes van die Verdedigingsmag al op aktiewe diens was teen Duits-Suidwes-Afrika. Ander sprekers was dit met hom hierin eens, en hulle het verder daarop opmerksaam gemaak dat daar niks in die telegram staan van die terugroep van die troepe wat al gelas was om vyandig op te tree nie. Hoe kon die Regering dan verklaar dat daar net maar vrywilligers gebruik sou word? Dan

was daar ook die vraag gedoen, of daar, by afwesigheid van die Imperiale troepe, tog nie sou gekommandeer word nie as die vrywilligers teruggeslaan sou word.

Die een en ander is nou bespreek geword. Daar is op gewys dat die oorlog met Duitsland nie 'n saak was waarby Suid-Afrika belang gehad het nie. En almal was teen 'n offensiewe optree. Daar was veral klem op gelê dat dit nie strook met die sedes en tradiesies van ons volk om 'n aanvallende oorlog te voer nie. Die geval is genoem geword van Vrystaatse burgers in die oorlog van 1899-1902, wat daar beswaar in gehad het om oor die Grootrivier te gaan en 'n inval in die Kaapkolonie te doen. En vir so 'n inval was daar nog regvaardiging, wat hier in die geval met Duits-Suidwes-Afrika geheel ontbreek het.

In sy toespraak het generaal De Wet verklaar dat hy hom met alles wat daar uiteengesit is deur die ander sprekers, kon verenig, maar wat hom betref, was die vernaamste saak iets wat nog veel dieper gaan en dit was die ,,goddeloosheid van 'n inval op die gebied van 'n ander volk waar ons niks mee te doen het nie'' Daar was by hom geen twyfel nie dat dit teen die wil van God moet wees om met geweld die land van 'n ander volk te roof, omdat daar uitdruklik in die Bybel staat ,,Vervloekt zij die zijns naasten landpalen verrukt.'' Hierdie woord, het generaal De Wet verder verklaar, was, in sy opvatting, van toepassing op alle omstandighede As dit moet geld van 'n erf van 'n enkel persoon of van sy plaas, dan moet dit ook geld van die land van 'n hele volk.


Daar moet hier gelet word op die woorde wat generaal De Wet so by herhaling gebruik het Nodig is dit om dit te doen, om reg te kan verstaan wat dit was wat hom in botsing met die Regering gebring het.

Nou is dit klaar as die daglig dat sy beswaar in die eerste plaas 'n godsdienstige was; en verder, dat hy dit as 'n roeping gevoel het om op te kom teen 'n daad van die Regering waarvan hy oortuig was dat dit teen die wil en die woord van God was. Of iemand met hom nou instem in hierdie opvatting of nie—dit is die kwessie nie· wat ons hier mee te doen het, is om duidelik te verstaan wat daar in die gemoed van De Wet geleef het toe hy hom versit het teen die Regeringsplanne

Op 2 Oktober is daar op Potchefstroom 'n groot vergadering gehou. Dit was een van die merkwaardigstes van almal, nie alleen om die grote geesdrif van die burgers wat teen die veldtog in Duits-Suidwes-Afrika was nie, maar ook omdat daar 'n bende daar teenwoordig was wat op die skandelikste manier stoornis gemaak het

Dit was afgekondig dat die samekoms in die *Lyric Hall* sou gehou word, en op die bepaalde tyd was die saal gevul van die een end tot die ander toe Van die begin het die oproermakers die sprekers in die rede geval en alles gedoen wat in hul vermoe was om dit onmoontlik te maak om met die verrigtinge voort te gaan. Die grou het stoornis op allerhande maniere gemaak. Daar was amper geen gemeenheid te bedink waarvoor die skorriemorrie gestuit het Met vrot eiers en dooie katte is daar deur die vensters gegooi en in die saal is daar 'n onophoudelike rumoer aan die gang gehou.

Generaal De Wet het gekom om die vergadering toe te spreek, en hy het nou hier 'n ondervinding gehad wat hy vroeer nooit eenmaal geken het nie Hy is totnogtoe in sy lewensloop altyd verseker gewees van 'n aandagtige gehoor—maar hier was dit geheel anders Hier moes hy nie alleen ondervind dat daar teenstand



GENERAAL EN MEVROU DE WET,
MET HULLE DOGTER MEVR. MENTZ, EN KLEINDOGTERTJIE.

was nie, maar ook dat die teenstanders dit aan hom nie wou toelaat om selfs te praat nie. Maar daar was hier iets anders wat ook voor die dag gekom het, wat getoon het wat 'n vegter nie alleen, maar ook wat 'n veelsydige man hy is. Hy het hier elke maal met grote behendigheid, deur gevatte antwoord, sy teenstanders tot 'n oomblik van swye gebring en hy het ook, sonder ooit in die war te raak, gesê alles wat hy wou, en, as 'n kragtige stryder, die veld behou

Dadelik toe hy begin, het die stoornis geweldig geword—maar hy het aangehou. Sy sterke stem was dikwels gehoor bo al die gedruis. So sou hy mans genoeg gewees het voor die grou as die elektriese draad nie afgeknip en die saal in plotselinge duisternis gehul was nie. Maar dit het die gloed van die burgers nie gedemp nie Dit was meteens voorgestel om na buite te gaan en op die plein die vergadering voort te sit

Daar het hulle 'n kar gekry, en generaal De Wet het daarop gaan staan om sy toespraak voort te sit. Hy het gevra dat die mense sou gaan sit ,,Dan kan maar na my hier gegooi word· ek sal 'n goeie skyf wees!''

Hy het vir die oproermakers gewaarsku dat waar hulle vreedsame burgers so molesteer, dit sou kan gebeur dat een van hulle 'n kind des doods sou kan word. Daar was toe 'n geweldige rumoer, en dit klink kras in die lug: ,,Britons, never, never, never shall be slaves.''

Ná 'n hele tyd het hy weer aangegaan: ,,Dit is nou die beskaafdheid! wat ons iewers anders sou dink om aan te tref, maar, liewe vriende, dis iets wat onbekend is onder ons. Alhoewel dit 'n lang tyd mag neem, hoop ek dat so 'n ruwe, onbeskofte, onopgevoede klas van

ander geweste nog hulle maniere in Suid-Afrika sal leer om te verwissel vir die beskaafdheid ....

,,Ons word nie deur die Regering beskerm nie—daaroor moet ek kla As ek verkeerd doen, of praat wat ek nie kan bewys nie, dáár is julle tronk. Julle poliesie is hier. Die magistraat is hier, en hy kan my straf as ek skuldig is.

,,Ek begin met 'n inleidingsartiekel van ,,De Volkstem.'' In die artiekel word gesê dat ek 'n groot sondebok is, en dat ek sal gesê het dat generaal De la Rey nie deur 'n ongeluk doodgeskiet is nie. Ek sê dit nog. En as dit nie 'n ongeluk was nie, dan was dit 'n verregaande onverskilligheid.''

Hier het die gedurige stoornis uitgebars in 'n oorverdowende rumoer.

,,Ek staan daarby,'' gaan generaal De Wet aan, ,,en ek sê dat dit 'n onvergeeflike onverskilligheid was dat een van ons groot manne op dié manier aan sy einde moes kom. Ek vra: Wie kan nou veilig wees ná dié gebeurtenis? Die regter sal nog uitspraak gee; maar daar was tog 'n bevel gegee dat daar geskiet moes word as daar nie dadelik sou stilgehou word nie Dit is 'n verregaande onverskilligheid gewees.....

,,Ek sien ons het nou 'n bietjie verder gekom! Daar is regulasies onlangs uitgevaardig, en daarin word gesê dat jy nie mag praat nie. Maar, vriende, onthou! Ons het nog nie Rusland nie! Tot hier toe was ons volk nog altoos geregtig om sy heilige oortuiginge uit te spreek, dog nou wil die Regulasies die bittere gevoel wat daar oor die grondrowing in Duits-Suidwes ontstaan het, op dié manier demp.''

Daar gaan nou 'n groot ,,geboe'' van die oproermakers op

,,Loop ,boe' in jul Johannesburg. Daar is julle plek. Alhoewel dáár ook fatsoenlike Afrikaners en Engelse is, is dit daar julle plek.... Die Regering stel voor dat vrywilligers na Duits-Suidwes kan gaan, maar dis nie almal vrywilligers nie baie kinders is op skelmagtige manier van hulle moeders losgeskeur. ('n Eier was na die spreker gegooi, en val naby hom.) Nee, toe maar, mense, ek het nog 'n ander baadjie . . . Die kinders is van hul ouers weggeneem

,,Ek is gereed om onder die wet te buk, maar ek is daarop teen dat die wet sal oortree word deur die Regering self. Die verowering van Duits-Suidwes is in stryd met die wet wat bepaal dat net verdediging wettig is—om die vyand uit die land te hou. Om ons land te verdedig, sal ek klaar wees om oorlog te voer; maar om aan te val, dien ek nie. Ek sal alleen my regte verdedig.

Die bewering dat die Duitsers oor die grense gekom het, is nog nie met bewyse gestaaf nie. Die Parlementslede het ook nie die wil van die volk in dié saak geraadpleeg nie. Sekere lede wil agter die ekskuus skuil dat hulle nie tyd gehad het om dit te doen nie, en dat hulle nie wis waarvoor hulle sou gaan stem nie. Dog die plan tot die onderneming was nie so onbekend nie, omdat reeds verskillende magte gemobiliseer was. Ons wis ook uit uitlatings dat die Regering, voordat die Parlement vergader het, gedetermineerd was om Duits-Suidwes-Afrika aan te val. Die meerderheid van die Parlementslede het dus geweet dat so 'n voorstel as wat aangeneem is, sou voorgelê word. Maar die wet spreek alleen van verdediging. Nêrens word van soiets as grondverowering melding gemaak nie; en as die Regering die wet oortree, is dit die plig van die volk om te protesteer. Om Duits-Suidwes te wil verower, is die besoedeling van jul hande ''

Weer was daar 'n groot uitbarsting en 'n geskree, met die sing van *God save the King*.

,,Ek verwonder my dat die Engelse volkslied op dié manier deur die modder gesleep word. Ek het veel respek daarvoor, maar om op dié manier dit te sing, is 'n oneer. Om daarmee storing te maak, is om iets heiligs te verneder.''

Onder veel geraas het hy met sy Stentoriaanse stem aangegaan:

,,Ek wil weet of ons nie verantwoordelik is ook vir wat vrywilligers doen nie? Ek sê dat ons daarvoor verantwoordelik is! Ons het niks met die Europese oorlog te doen nie. Ons staan onder 'n sedelike verpligting. Wat dit is, sal te lank neem vir my om hier uit te lê. Maar 'n sedelike verpligting is nie iets waaronder ek gedwing kan word nie. Ons kan nooit die Engelse Regering dankbaar genoeg wees vir die konstitusie aan ons geskenk nie; dog die bedoeling daarvan kon nooit gewees het dat ons landdiefstal moes gaan pleeg nie. Ek sal altyd vir my volk opkom as daar vir hulle 'n graf gegraaf word. Ek sê nie dat die Regering nou die graf delf nie, maar dit sal daarvan kom as dit so aangaan. Ons sal gestraf word as ons land gaan roof.''

Nadat daar by vernuwing ontsettende oproer was, en die assistent-magistraat, Cronin, 'n beroep op die oproermakers gedoen het om generaal De Wet nie te molesteer nie, het hy sy toespraak geëindig:

,,Ek het nou geprobeer om 'n idee van die toestand te gee, en ek wil net nog dit daarby voeg, dat daar vanaand hier nie sprake is van die Hertzog- of Botha-party nie: die brandpunt is Duits-Suidwes-Afrika. Al wat ons kan doen, is om steeds gereed te wees om ons land te verdedig. Maar die Regering vertrou vir ons nie; en

daarom is ons volk nie gewapend nie. Baie mense, ook, wat gewere het, het geen patrone nie. Hoe kan die land onder dié omstandighede homself verdedig? Die Regering vertrou die volk nie. Wel, as die Regering die volk wantrou, moet hy nie verwonderd wees as hy ook gewantrou word nie.'' [1])

In hierdie toespraak is dit duidelik dat De Wet dit gevoel het dat die Regering al meer en meer van die volk vervreemd geraak het Dit laat hy uitkom waar hy aan die einde van sy toespraak daaroor kla dat die Regering aan die burgers gewere onthou—,,die Regering vertrou ons nie'' So laat hy dit duidelik blyk dat die Regering met die volk nie meeleef nie Dit lê tog in die Voortrekkersgees—en van dié gees is De Wet die beliggaming—dat die Owerheid elke man met 'n wapen in die hand moet kan vertrou Dan kom daar ook in die toespraak uit dat dit teen die volksidee indruis dat daar offensief opgetree sou word teen 'n nasie van wie daar gaan prowokasie gekom het nie. Dit was by hom nie 'n politieke kwessie nie Van politiek het generaal De Wet geen geringe kennis nie, maar hier was dit nie soiets wat vir hom onthuts het nie dit was die vraag of die Regering nou nie geweld gaan doen aan die eienaardighede in die volkskarakter wat die volk van ander volke onderskei nie? En of also dan ook nie die bestaan van die volk in die spel kom nie? De Wet sou dus die verwyt van hom kon afgewerp het asof hy 'n oproerling was—nee, hy is dit nie die opstandeling is hy wat geweld doen aan die gees en die tradiesies van sy volk, en wat op dié wyse die volk in sy sedelike en geestelike bestaan dreig te vernietig.

---

[1]) Die toespraak van generaal De Wet is deur die heer J H Malan in die maanlig afgeskrywe

Só moet De Wet verstaan word. Wie hierdie beeld van De Wet voor hom nie sien oprys nie, dié ken Christiaan de Wet nie

Die besluit van Lichtenburg is nou hier in sy geheel aangeneem. Daarvoor het 1,000 burgers gestem.

Daar is ook op Klerksdorp, Vrede, Heilbron en ander plekke vergaderinge gehou, en oral is met grote geesdrif die resolusie van Lichtenburg die besluit van die byeenkomste gewees.

Onmiddellik ná die vergadering op Potchefstroom het generaals De Wet en Kemp besluit om 'n Komitee-vergadering te bepaal op Koppies op 13 Oktober, om daar te bespreek wat verder sou moet gedoen word.

## HOOFSTUK XXV.

### VERGADERINGE OP KOPPIES

Voordat die Komitee op 13 Oktober op Koppies bymekaargekom het, is daar enige dinge gebeur wat aan die samekomste wat in die toekoms sou gehou word, 'n geheel ander karakter sou gee

Dit was in die bedoeling van generaal De Wet gewees dat die vergaderinge niks anders sou wees nie as samekomste waarop die volk uitdrukking sou kan gee aan sy afkeer van die aanval op Duits-Suidwes-Afrika, en die Regering eerbiedig sou kan versoek om van sy voorneme af te sien.

Op die vergaderinge wat reeds gehou was, het dit geblyk wat die volkswil was. Daar was op die vergaderinge geen gedagte om ontslae te word van die heerskappy van Groot-Brittanje nie—van opstand teen die Engelse oorheersing was daar geen sprake!

Hier word nou nie gespreek van wat daar gevoel was in Westelike Transvaal nie. Dit is die lewe van generaal De Wet wat hier geskrywe word, en in hierdie geskrif is dit te doen om alleen te boek te stel wat in die Vrystaat deurleef was en op die vergaderinge waarmee generaal De Wet in verband gestaan het Nou is daar in die hart van generaal De Wet en van die volk—dit kan reeds hier gesê word—later iets anders gebore geword Maar wat daartoe aanleiding gegee het, was die feit dat die Regering, deur die afkondiging van die

krygswet, dit onmoontlik gemaak het vir die volk om samekomste te hou, waartoe die volk onder 'n demokratiese konstitusie reg gehad het. Die Regering het dit ongetwyfeld gedoen omdat hy dit bevroed het dat hy van die meerderheid van die volk geen sanksie sou verkry vir die inval op Duits-Suidwes-Afrika, en hy het toe met geweld stop gesit aan die hou van vergaderinge, wat, die één ná die ander, maar net een ding voor die dag gebring het—dit: dat die meerderheid van die Hollandssprekende deel van die bevolking van Suid-Afrika teen die ekspediesie na Duits-Suidwes-Afrika was Dié tog wou die Regering nou ten enemale nie opgee nie. Hy het daarvoor as rede opgenoem, onder ander (soos dit deur generaal Botha in die Parlement uitgespreek is), dat deur Duits-Suidwes-Afrika te verower, die Unie dan die weg van geloof, plig en eer sou bewandel Wat ook die rede was, die Regering wou nou eenmaal die ekspediesie nie opgee nie, al was dit teen die wil van die grote meerderheid van die Hollandse bevolking, en toe daar opposiesie kom, is die opposiesie met die geweld van die krygswet onderdruk.

Die vergadering van die Komitee sou dan nou gehou word op Koppies; maar vóór daar iets van die byeenkoms gesê word, moet daar op ander gebeurtenisse gelet word, sodat 'n juiste idee gevorm kan word van wat daar besluit is op hierdie vergadering, en op wat ook verder uit hierdie byeenkoms hom ontwikkel het.

Op die vorige vergadering op Koppies—wat op 23 September gehou is—is daar, soos al meegedeel is, 'n telegram gelees, waarin dit deur die Regering verklaar was dat hy alleen vrywilligers vir die inval in Duits-Suidwes-Afrika sou gebruik. Op dieselfde dag het generaal Smuts hierdie telegram aan Maritz gestuur ,,Minister wil weten of u sterke macht van Kakamas

naar Schuitdrift kan laten optrekken, en de Upingtonmacht naar grens in de richting van Ukamas verzetten kan. Hy denkt dat het u alsdan mogelik zal zijn met Lukin in opmars naar Warmbad samen te werken.''

Maritz, in sy antwoord aan generaal Smuts, het hierdie telegram beskou as 'n bevel om in Duitse gebied in te trek, en die Minister het hom van dié denkbeeld nie verlos nie. Dus is daar hier geen vrywilligers gevra nie, maar aan Maritz is bevel gegee om in Duits-Suidwes-Afrika in te trek. Van hierdie telegram het De Wet en die ander voormanne eers later te wete gekom; en dit laat hom dink wat hulle gedagtes moes gewees het toe hulle ontdek dat die Regering op een en dieselfde dag kon telegrafeer aan 'n vergadering op Koppies dat daar net vrywilligers sou gebruik word en aan Maritz bevel gee om oor die grens te gaan.

Maar daar was ook iets anders: Net twee dae voor die samekoms op Koppies—dit is op 11 Oktober—het generaal Botha hierdie telegram aan president Steyn gestuur: ,,Spijt mij u te moeten mededelen dat Maritz verraad gepleegd heeft en met meerderheid zijner officieren en manschappen bij vijand is aangesloten . . Hij heeft bij zich een macht van de vijand, nabij Kakamas, en zond Regering gister ultimatum, waarin hij dreigt Kaapprovincie verder in te vallen, tenzij om tienuur heden ochtend toegestaan werd dat generaals De Wet, Hertzog, Beyers, Kemp en Muller in zijn hoofdkwartier hem ontmoeten, om hem instrukties te geven . . ''

Hierdie telegram is nou nie vereers privaat gehou nie, maar, sonder dat die Regering ondersoek gedoen het, is dit publiek gemaak. Wat anders kon die grote wêreld dink as dat De Wet en Hertzog met die ander wat in die telegram genoem was, deel in 'n komplot teen die Regering gehad het?

Op 12 Oktober het generaal De Wet op Bloemfontein aangekom. Hy wou vóór die vergadering op Koppies met president Steyn oor die een en ander spreek. Toe hy nou daar op Bloemfontein afklim, lees hy wat die Regering gepubliseer het oor Maritz en sien hy dat ook sy naam in die telegram genoem is Toe hy by president Steyn kom, kry hy ook te wete van die telegram wat die Regering op 23 September aan Maritz gestuur het

Hy is in die aand na Koppies. Daar het hy in die nag aangekom. Al vroeg die volgende môre het daar aansienlike getalle van burgers in die dorp gekom, en om elfuur het die vrederegter, die heer Brill, die afgekondigde krygswet voorgelees Toe die burgers generaal De Wet van alle kante omring, het hy vir hulle toegespreek soos volg:—

,,Dit skyn, burgers, of daar hier 'n misverstand is Ek het hier nie gekom om 'n vergadering te hou nie. Daar is net 'n paar vriende uitgenooi om enige sake te bespreek—en wel sake in die waaragtige belang van almal. Dat u belang in dié sake stel—daarvan is u opkoms hier bewys. Daar hang donkere wolke oor ons, maar gee ons 'n weinig tyd, en ons hoop dat daar spoedig 'n lig sal opgaan. Gaan nou almal rustig na julle plase, en ploeg julle lande, want julle sien (en hy wys na die wolke) dat die reën naby is.''

Toe die Komitee bymekaarkom, was daar teenwoordig generaals De Wet en Kemp, di. Vorster en Ferreira, J. Brand Wessels, Piet Grobler, J. J. Pienaar en ander

Generaal De Wet was die eerste om te spreek. Hy het daarop gewys dat die krygswet afgekondig is en dat hulle geen vergadering nou kan hou nie. Daar sou dus geen voorsitter gekies word nie, en elkeen sou dan

sy mening maar moet uitspreek. Die Regering het deur die krygswet dit onmoontlik gemaak dat daar met die protesvergadering kan aangehou word, en so is die weg afgesny om op konstitusionele weg te werk te gaan. Hy het toe vir hom bepaal by die ekspediesie na Duits-Suidwes-Afrika, en meegedeel dat Maritz geweier het om op bevel van die Regering in Duitse gebied in te val, en nou druk die Generaal dit as sy gevoele uit dat Maritz moet gehelp word.

Hy het dit nie in die sin bedoel dat Maritz moes gehelp word om saam met die Duitsers 'n inval in die Kaapkolonie te doen nie· hy was van gedagte dat Maritz alleen geweier het om in Duits-Suidwes in te val.

Met die mening van generaal De Wet dat Maritz moes gehelp word, was die ander lede van die Komitee dit nie eens nie. Hulle was van oordeel dat daar met die Regering gehandel moes word, en daar is, ná lang beraadslaginge, besluit om 'n deputasie van nee man na die Regering te stuur om 'n antwoord te vra op die besluite wat geneem is op Lichtenburg en die ander dorpe waar protesvergaderinge gehou is. Daar is verder ooreengekom dat die vergadering sou verdaag word tot 22 Oktober, om te hoor wat die antwoord van die Regering sou wees, en dat intussen die persone wat daar teenwoordig was, oral rond sou gaan om voormanne van invloed te vra om die vergadering by te woon

Die volgende dag is die deputasie na Pretoria. Generaal De Wet was nie een van die gesantskap nie, maar hy het ook na die Transvaalse hoofstad gegaan, en dadelik ná sy aankoms na die woning van ds Van Broekhuizen. Aan die deputasie het generaal Botha 'n onderhoud verleen, maar wat die deputasie wou hê,

het hy nie verkry nie. Die Eerste Minister het geantwoord dat die Parlement oor dié saak besluit het en dat hy nou die besluit sou gaan uitvoer. Verder het hy dit betreur dat daar vergaderinge gehou en resolusies geneem is in stryd met wat deur die Parlement beslis was. Hy het daarna verwyte begin maak, en aan die lede van die deputasie gesê dat hulle die mense aan oprui is. Hy het ook gewag gemaak van die muitery van Maritz en meegedeel dat daar al van die oproermakers in die tronk was. Die deputasie moes ook oppas dat daar nie meer in die gevangenis sou kom nie.

Die lede van die deputasie het dus wat hulle voor oe gehad het, nie bereik nie; en hulle het toe na die huis van mnr. P. G. Beyers, broer van generaal Beyers, gegaan. Daar het generaal De Wet vir hom by hulle gevoeg. Toe hy verneem wat die uitslag was, het hy gesê dat hy dit nie anders verwag het nie. 'n Tydjie ná die manne in die huis van P. G. Beyers was, het generaal Beyers self daar gekom. Hy was by die Eerste Minister gewees, ná die vertrek van die deputasie. Hier het generaal De Wet nou vir generaal Beyers ontmoet in die teenwoordigheid van die lede van die deputasie. De Wet is nog vóór die ander van die huis weg.

Op 22 Oktober is die vergadering gehou op Koppies wat bepaal was op die 13de, om die rapport van die deputasie te ontvang.

Daar was 'n aantal persone teenwoordig, maar die vergadering is nie so talryk bygewoon as dit verwag was nie. Veral was daar maar weinige manne van die suidelike en westelike dele van die Vrystaat Onder ander was daar H. P. Serfontein, Nikolaas Serfontein, J. Brand Wessels, generaals Kemp en Hattingh, Bert Wessels, Charles Fichardt, ds. Ferreira, en van die Transvaal, F. G. A. Wolmarans en D. R. Fouché.

Nie op die dorp is die vergadering gehou nie, maar op die stoep van die woning van sekere De Wet, aan die oorkant van Renosterrivier, omtrent twee myl van Koppies.

Generaal De Wet het die eerste die woord geneem Hy het gespreek in die algemeen van griewe wat die volk teen die Regering gehad het, en toe het hy op die punt gekom. Nog altyd onder die indruk dat Maritz in verset was teen die Regering enkel en alleen omdat hy nie 'n aanval wou maak op Duits-Suidwes-Afrika nie, het hy dit nou weer as sy opienie uitgespreek dat dit hulle plig was om hom te gaan help. Hy het dit nooit verwag—dit sê hy nou hier ook—dat die deputasie, wat nou rapport gedaan het, iets sou uitrig nie, en noudat die Owerheid niks wil doen om die burgers tegemoet te kom nie, nou moet daar handelend opgetree word. Maar die burgers het geen wapens nie, merk hy op, terwyl dié by Maritz te kry is. Hy is, daarom, daarvoor om op te trek na Maritz, en dan sal daar kan gesien word hoedat die saak eintlik staan

Daar is toe hierteen beswaar gemaak, en aan generaal De Wet is ook gevra wat hy sou doen as dit blyk dat Maritz betrokke was in 'n Duitse plan om 'n aanval in die Kaapkolonie te doen. Hierop het hy dadelik, sonder die minste aarseling, geantwoord dat hy dan niks met Maritz sou te doen wil hê nie. Hy sou net so min deel wil neem aan 'n Duitse inval in die Kaapkolonie as hy nou wil sien dat die Regering 'n ekspediesie in Duitse gebied sal stuur. Die laaste sou hy wees om Duitse heerskappy in Suid-Afrika in te voer. Hy is geen Duitser nie, ook geen Engelsman nie, het hy verklaar, maar Afrikaner; en dit is net die heil van sy volk wat hy soek.

Sy voorstel het, egter, geen byval gevind nie. Daar is nou die een plan ná die ander aan die hand gegee—die een het gespreek van lydelike verset, die ander het weer voorgestel om 'n ultimatum aan die Regering te stuur. Ten laaste het F. G. A. Wolmarans verklaar dat daar geen tyd was vir praat en vir ultimatums nie Hy het daarop gewys dat daar gekommandeer is in die Transvaal, en dat die burgers van Lichtenburg geweier het om gehoor te gee. ,,Nou,'' sê hy, ,,sal daar seker arrestasies plaasvind—en sal die Vrystaat die Transvaal in die steek laat?''

Maar dit wou tog nie vorder op die vergadering nie, en toe is besluit dat daar 'n kommissie sou aangestel word om dadelik in die gees van wat daar bespreek is, 'n besluit op te stel. Vyf of ses manne is gekies, en hulle het in die huis gegaan om dit te doen Nadat hulle 'n tyd nog daar oor die saak beraadslaag het, het hulle die volgende besluit opgestel, wat deur die vergadering aangeneem is:—

> ,,Nademaal het Hollands-Zuid-Afrikaanse Volk van de Oranje-Vrijstaat en de Transvaal verdrukt wordt, besluit de Vergadering alle verdere maatregelen toe te vertrouwen aan generaal Beyers in de Transvaal en aan generaal De Wet in de Oranje-Vrijstaat.''

Toe is die burgers nader geroep en generaal De Wet het die besluit laat voorlees. Daarna het hy 'n kort toespraak gehou. Hy het gesê dat die burgers niks buitensporigs moes aanrig nie, maar huis-toe gaan en op hom wag. Elke distrik sou dan van sy afgevaardigdes verneem wat gedoen moes word.

Generaal De Wet het nou onder die indruk verkeer dat daar geprotesteer sou word met die wapen in die hand; maar dit was nie die gevoele van al die afgevaardigdes wat daar op die vergadering was nie.

## HOOFSTUK XXVI.

### ,,DAN IS EK DIÉ REBEL!''

Op dieselfde dag waarop hierdie vergadering gehou is, het generaal Botha aan president Steyn 'n skrywe gerig, waarin hy gesê het dat generaals De Wet, Beyers en Kemp vir hulle aan klaarmaak was om op te staan teen die Regering. Generaal Botha het tegelykertyd aan president Steyn gevra of hy nie sy seun, dr. Steyn, en ander manne van invloed sou stuur om De Wet, Beyers en Kemp òf na hom te roep, òf hulle op enig ander wyse van die pad des verderfs waarop hulle was, te keer nie. Hy het ook beloof dat as hulle na president Steyn sou wil gaan, die Regering daarvoor sou sorg dat hulle nie gearresteer word nie

President Steyn het geantwoord dat wat hy gevrees het en waarvoor hy al tien jaar lank gebid en waarteen hy gewerk en gewaarsku het, nou tot treurige werklikheid gekom het—burgeroorlog! Wat hy nou met die grootste nadruk aan die hand gee, was dat die Regering tog met toegewendheid sou te werk gaan. ,,Staatsmanswysheid,'' so sê hy, ,,doet dikwels meer dan militair geweld.'' Hy beloof ook dat hy aan die versoek van generaal Botha sal voldoen en dr. Steyn dadelik na Pretoria stuur.

Dr. Steyn het toe na Pretoria gegaan. Daar het hy op 24 Oktober gekom. Hy het briewe van sy vader